

Celtis africana

Sterkfontein Country Estates

September 2014

Good day Sterkfonteinites and Celtis friends!

It's official – September is springtime! Not only are the fruit trees full of blossoms, but also in the veld - despite the dryness of late winter, flowers are popping up here and there, heralding in the new season. Of course we are still going to get very cold days, but Mother Nature can't wait and she is sending out her messengers all over. The plants I am writing about this month flowered even before any rain has fallen – as if Mother Nature wants to say – yes, it hasn't rained as yet, but have faith, look what I am sending you to remind you of what is coming!

The first *Harveya pumila* showed their lovely pink heads already mid-August and every year it is a contest who will see the first one. It never ceases to amaze me that this soft and rather fragile-looking flower, seems to burst through the rock-hard, barren soil - seemingly overnight. They are not easy to see as they grow literally on the soil and as they don't have stems or leaves, but only the lovely pink flowers, so one has to spend time to discover them. If you have had a veldfire on your property you are more likely to notice them. Here and there the bright yellow of the *Gazania krebsiana* (common Gazania or butter flower) lights up the veld in patches.



Harveya pumila (ink flower) (Photo: Elmarie Krige)



Gazania krebsiana (common Gazania or butter flower) (Photo: Elmarie Krige)

Some *Felicia muricata* shows their dainty white umbrella-like flowers in patches and here and there the bluish-to-mauve colour variation is also to be seen. There are many similar-looking flowers to the Felicia growing in our area, but there are subtle differences in appearance – something I had to learn as well. I often think I know a plant, but when I check my guidebooks, I find it is something else! Sometimes the leaves are the best indication of which plant it actually is.



Felicia muricata (Photo: Elmarie Krige)

I am sure most of you have seen the *Helichrysum caespititium*. Walking in the veld the carpet-like flowers in patches of pink and of white almost look like patches of snow. Worldwide there are more than 600 known species of *Helichrysum* and in South African alone there are 245 species. The species name “*caespititium*” in the name is the Greek for growing in carpet-like patches.

Something very interesting and, certainly exciting to me about this inconspicuous little plant, is the studies that have been done on it. *Helichrysum* species have been reported for their antimicrobial activities (Rios et al., 1988; Tomas-Barberan et al., 1990; Tomas-Lorente et al., 1989; Mathekga, 1998, Mathekga et al., 2000).

At the university of Pretoria (1998, Mathekga) have done further studies and in 2001 a thesis was published on further research of the *Helichrysum caespititium* (Mathekga ADM).



Helichrysum caespititium (the pink form) (Photo: Elmarie Krige)



Helichrysum caespititium (the white form) (Photo: Garfield Krige)

In a nutshell and in layman's terms: the long-term and, often incorrect use of antibiotics, have resulted in most bacteria becoming for a greater part resistant to modern day medicines. To be effective, these medicines often have to be administered at such high doses, that they are now becoming toxic to human cells and not only to the bacteria cells they are intended to kill. One option to counter this problem, is to find new plant-derived non-toxic drugs, as was investigated in the above study.

During this study a substance was isolated, which has been very effective against some bacteria and fungi at concentrations that are not toxic to human cells.

So, next time you walk in the veld, tread with care – you might just be trampling on nature's answer to a natural solution for antibiotics! South Africa has the Cradle of Humankind but might also be the cradle for modern day natural medicine in future!

Unfortunately, a lot of the wild flowers do not have common names either, a pity as not everyone will remember a long botanical or scientific name! So I think we might as well call the *Helichrysum caespititium* the little carpet flowers! I spoke to a botanist once and complained about the lack of common names and was told why NOT give it a local name? After all that is how the common names originated – people wanted to talk about a plant and in giving it a certain name, everyone in the area knew what they were talking about and so the name got passed on. Travelling through the Cape, Karoo or Namaqualand a dictionary of interesting and often very descriptive plant names unfolds!

A very good example of a very apt name for a plant in our area (well one gets this darn bush all over, not just here!) is the Bankrotbossie (bankrupt bush, *Seriphium plumosum*). This is an indigenous plant, but the moment the veld gets overgrazed, this plant takes over valuable land. It is not an easy plant to control, so farmers always have to pay careful attention to the way they control their stock-feeding areas. In areas where land got severely overgrazed, a farmer could face bankruptcy if he did not have alternative grazing for his animals, and so the common name originated!

At night the thick-knees are very vocal in their amorous adventures on the front lawn. This is usual lapwing territory, but during springtime they have to make way for their bigger cousins. I love the sound the thick-knees make! It is not loud or invasive, but just a sort of comforting sound, as if to say: all is well with nature and we are loving it so much here, we have chosen your plot to start a new family!

During the day the finches are seen constructing nests, often to be angrily destroyed by the very fussy female. "Herbert I told you I don't want THAT style of house, I wanted thicker walls and the ceiling is way too low – do it over, you oaf!" - or something to that effect, is what I sometimes think she might be saying to the poor hard-working male! Lots of birds are collecting bits of fluff all over with which to line their nests.

Sometimes when I feed the yellow mongooses, there is a bit of rough-and-tumble going on and often one will snarl at another – definitely a show of who’s-the-boss! The animal world certainly is very busy celebrating the coming of the breeding season!

Forget about the horrible winds blowing dust all over– they eventually bring rain and warmth. Let us celebrate what nature has given us- after all it is for free!

(Sources: Field guide to the wild flowers of the Highveld – Braam van Wyk & Sasa Malan; Wild flowers of the Magaliesberg – Gill. K, Engelbrecht. A)

And if you have a funny kind of “itch”, or a unexplainable feeling in your tummy, this is how Mark Twain (American author and humorist, 1835-1910) explained it: “It’s spring fever. That is what the name of it is. And when you’ve got it, you want—oh, you don’t quite know what it is you do want, but it just fairly makes your heart ache, you want it so!”

Goeie dag Sterkfonteiners en Celtis vriende!

September is lentemaand en tien teen een gaan Moeder Natuur ons nog kul met ‘n paar koue dae so tussenin, maar voor ons weet, vee ons die sweet van ons voorkoppe af voor die braaivleisvure! Die vrugtebome is oortrek met bloeisels en ten spyte van ‘n droë winter, is daar heelwat blommetjies in die veld wat ons daaraan herinner dat die lieflike, warm dae net om die draai is.

Digters en woordkustenaars het gewoonlik ‘n manier om met min woorde iets besonders te sê. Hoewel ons veld oor die algemeen nog vaal daar uitsien haal ek ‘n pragtige sin aan uit ons eie Adriaan Coetzee (SCE116) se nuwe digbundel, “**gordel**” “verder is die veld ‘n droë kuns...”. Is dit nie presies hoe dit nou lyk nie – mens moet net die mooi raaksien!

Ons het die eerste *Harveya pumila* blommetjies alreeds middel Augustus op ons plot sien blom – elke jaar is dit ‘n kompetisie oor wie die eerste blommetjie gaan raaksien! Vir my is dit elke jaar wonderlik as hierdie sagte blommetjie op een of ander manier ampers oornag, deur die droë harde grond beur om hul pienk blomme ten toon te stel. Natuurlik is hulle nie maklik om raak te sien nie, want hulle het nie stammetjies of loof nie, so mens moet maar mooi kyk. As jul die veld op jul eiendom afgebrand het sal jul hul natuurlik baie makliker raaksien.



Harveya pumila (Inkblom) (Foto: Elmarie Krige)

Kol-kol is die “sambreeltjies” van die *Felicia muricata* te siene. Die delikate blommetjie kom hier in wit, asook die bloupers vorm voor. Dis interessant om te sien dat daar heelwat blommetjies is wat baie dieselfde in voorkoms is as die Felicia. Dit neem ‘n kennersoog om die verskille raak te sien en ek is dit beslis nie; soms dink ek ek herken ‘n blom en as ek my veldgidse raadpleeg, sien ek baie gou watter plant dit in werklikheid is! Somtyds is die voorkoms van die blare die eintlike riglyn om ‘n plant uit te ken.



Partymaal smaak hondekos beter as voëlkos: “mmm, Woef!”



Felicia muricata (Foto: Elmarie Krige)

Die heldergeel *Gazania krebsiana* (gewone naam is die botterblom) is ook oral te sien. Hierdie blommetjies is almal laaggroeiend maar dit vrolik die veld op nog lank voordat enige reën begin val het – is die natuur nie wonderlik nie? Sy stuur haar boodskappertjies uit asof sy daarmee wil sê dat ja, die reën het nog nie geval nie, maar hou moed, sodra die eerste reëns geval het gaan ek my kleurvolste somersrok aantrek - net om julle te plesier!



***Gazania krebsiana* (botterblom)** (Foto: Elmarie Krige)

Oral in die veld sien mens ook *Helichrysum caespitium* wat die grond soos sagte matjies bedek. Dit lyk amper asof daar bietjies sneeu geval het. Hierdie blommetjies kom hier voor in wit, asook in die pienk vorm. Wêreldwyd is daar meer as 600 spesies *Helichrysum* geïdentifiseer en in Suid Afrika sover 245. Die laaste gedeelte van die wetenskaplike naam (*caespitium*) verwys na die mat-agtige groeiwyse waarin die blommetjie groei! Die gewone Afrikaanse naam is Speelwonderboom – waar op aarde die naam vandaan kom kon ek nêrens opspoor nie!

Wat baie interessant is van hierdie eenvoudige plantjie – en vir my baie opgewonde maak, is die navorsing wat hierop gedoen is. Sedert die '80's is daar studies op die *Helichrysum* spesies gedoen vir hul antimikrobiese eienskappe (Rios et al., 1988; Tomas-Barberan et al., 1990; Tomas-Lorente et al., 1989; Mathekga, 1998, Mathekga et al., 2000). By die Universiteit van Pretoria is verdere navorsing spesifiek op die *Helichrysum caespitium* gedoen en 'n tesis is in 2001 (Mathekga ADM) gepubliseer.

In 'n neutedop en om dit verstaanbaar vir ons gewone ouens te maak: die langdurige en, ongelukkig baiekeer verkeerde gebruik van antibiotika, het daartoe gely dat meeste bakterieë 'n weerstand teen moderne medisyne opgebou het. Om effektief te wees moet baie medisyne nou in sulke hoë dosisse toegedien word dat dit 'n toksiese uitwerking op menslike selle het. Dus, in baie gevalle word nie net die bakterieë aangeval nie, maar ongelukkig ook menslike selle. Dit het dus nodig geword om na meer natuurlike oplossings en spesifiek na die gebruik van plante om nie-toksiese medikasie te vervaardig te kyk.

Met bogenoemde studie is 'n stof geïsoleer wat 'n hoogs effektiewe uitwerking teen sekere bakterieë en fungi getoon het en dat die konsentrasie geen toksiese uitwerking op menslike selle gehad het nie.



Helichrysum caespitium (Nabyskoot / Close-Up) (Foto: Garfield Krige)

So, volgende keer as jy in die veld stap – kyk met respek na hierdie eenvoudige plantjie – dit kan die natuur se antwoord op 'n natuurlike antibiotika wees! Wie weet, dalk sal Suid Afrika later nie net bekend wees vir die Wieg van die Mensdom nie, maar dalk later ook die wieg van moderne natuurlike medisyne!

Ongelukkig is daar baie veldblomme wat nie gewone name het nie. Dis 'n jammerte, want wie gaan nou die lang botaniese name onthou? Ek sou dink mens kan die *Helichrysum caespitium* liefds die matblommetjies noem – dit sê mos dadelik hoe dit lyk! Ek het eenkeer met 'n plantkundige gesels en oor die moeilike en soms amper onuitspreekbare name gekla en sy het aan my gevra waarom NIE self gewone name gee nie? Dis tog hoe die gewone name ontstaan het. Die gewone ou gesels met iemand en noem sy naam vir 'n plant en baie gou word dit gevestig in die volksmond. Mens hoef net deur die Kaap, Karoo of Namakwaland te reis en baie gou tel mens van die streekname vir plante op, sommige so beskrywend dat dit maklik is om hulle daarna te herken!

'n Baie goeie voorbeeld van die gewone naam vir 'n plant is natuurlik die ou Bankrotbossie (*Seriphium plumosum*). Hoewel die plant inheems is, kan dit regtig 'n verpesting word waar die veld oorbeweid is. Boere sal jou ook vertel hoe moeilik dit is om te beheer – die enigste manier is maar beplanning met beweiding van grond. Waar die veld erg oorbeweid geraak het en hierdie plant oorgeneem het, kon die

boer baie gou bankrotskap in die gesig gestaar het – vandaar dus die baie beskrywende naam!

Snags is die dikkoppe vreeslik aktief en raserig gedurende hul amoreuse avonture op ons voorste grasperk. Gewoonlik is dit kiewiet-gebied, maar gedurende paringstyd maak hulle maar plek vir die veel groter neefs! Maar ek lief die geluide, dis nie regtig hard of steurend nie, maar eerder vir my die klank van die veld – kompleet asof hulle wil sê alles is reg en ons hou so van julle plot, ons het besluit ons gaan ons kroos hier grootmaak!

Gedurende die dag is die vinkmannetjies hard besig om nes te bou – en nes hulle halfpad is, kom die uitsoekerige wyfie en met 'n paar verwoede plukke, verwoes sy sy handewerk in 'n oogwink! “Nee wat Herklaas, ek hou glad nie van hierdie styl huis nie en wat is dit met die lae plafon en die ou dun muurtjies – doen dit oor, jou dommerd!” Dit, of iets soortgelyks, is wat ek soms dink sy die arme ou hardwerkende mannetjie toesnou en ewe gedwee sal hy dan weer van voor af begin.

Heelwat ander voëls word gereeld gesien met 'n stukkie gras of ander sagte goedjies in die bek, op pad om die binnekant van hul neste mee uit te voer. Ek het ook opgelet as ek die rooimeerkatte voer, is daar soms 'n geknor en rol-mekaar-in-die-stof wat plaasvind; almal kry daardie ek-is-die-baas-van-die-plaas houding die tyd van die jaar! In die dierewêreld is dinge beslis aan die gang met die koms van die broeitydperk!

Maar vergeet 'n bietjie van die wind en stof en stap op jul eiendom rond – dis mos waarvoor mens hier kom bly het, dan nie? Kyk of julle van die blommetjies wat ek hierbo beskryf het kan eien en geniet die natuur se skatte – dis gratis, en ons is so gelukkig om hier buite die stad te woon, maak die beste van elke oomblik!

(Bronne: Field guide to the wild flowers of the Highveld –Braam Van Wyk & Sasa Malan; Wild flowers of the Magaliesberg – Gill. K, Engelbrecht. A)

En as mens dink: ag, die tyd van die jaar kan so lelik wees, gaan daar ooit weer lente kom? Luister dan wat sê die onsterflike Chileense digter, Pablo Neruda vir ons: “You can cut all the flowers, but you cannot keep Spring from coming.” So, liewe vriende, wees geduldig, dit IS op pad!

Ek groet tot volgende maand – hopelik loop ons almal dan met somerklere rond!
Totsiens, goodbye, adios, ciao, yia sas en do svidaniya!

